# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

1969 to 2029 ECHO OF HIS CALL SINCE 1969

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

Vol. XIX | YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2026 JANUARY | No. 07


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**JOËL 2:21-26**

21. Jy moenie bang wees nie, ploegland, jy moet bly wees en juig, want die Here het 'n wonder gedoen.
22. Julle moenie bang wees nie, vee in die veld, want die weiveld word groen, die bome dra vrugte, die vyebome en die wingerd staan in volle drag.
23. Inwoners van Sion, julle moet bly wees en juig tot eer van die Here julle God, want Hy het die reëns betyds laat kom, Hy het die vroeë en die laat reën soos voorheen gegee.
24. Die dorsvloer lê vol koring, die parskuipe loop oor van wyn en olie.
25. Ek sal julle vergoed vir die tyd van sprinkaanswerm op sprinkaanswerm toe my groot leër wat Ek teen julle gestuur het, julle verteer het.
26. Julle sal oorgenoeg hê om te eet, julle sal die Naam van die Here julle God prys, Hy wat wonders vir julle gedoen het. My volk sal nooit weer in die skande kom nie.

## JY KAN IN DIE NUWE JAAR HERWIN WAT JY VERLOOR HET!

*Sis. Angel*





'n Vreugdevolle en geseënde 2026 vir jou!

Groete en seën in die wonderlike Naam van ons Heer en Verlosser Jesus Christus, hier van die **Echo of His Call** Hoofkwartier.

Aan die begin van die nuwe jaar kyk ons gewoonlik terug na wat was, en ook vorentoe na wat nog voor lê. Party jare voel soos oorlog, ander word seisoene van deurbrake. 1 Kronieke 18:1 herinner ons dat God in die verloop van tyd goddelike veranderings bring, momente wanneer lang verwagte oorwinnings uiteindelik deurbreek.

*....verv. op.bls. 3*




**Echo of His Call**

***YouTube Christian Channel !***

**Jy sal die geleentheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

**Elke dag – From 2.00 vm**

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

* Please Subscribe and Share *

# ECHO OF HIS CALL - (Op pad na die 60ste jaar)

Estd. 1969



## *van julle geliefde broer...*



**Ons Sendingopdrag**

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


HON. EDITOR-IN-CHIEF

Rev. Dr. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.

EX MANAGING EDITOR

Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

GENERAL MANAGER

Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM, MBA.

ADMINISTRATION

Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)

EDITORIAL BOARD

Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
Rev. Dr. William Robert, Ph.D., DD, D.Lit.

EDITOR, PUBLISHER & PRINTER

Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858, 95661 31858

E.MAIL

sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

WEBSITES

www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.org

YOUTUBE CHANNEL

Echo of His Call


**Dit is 'n land waarvoor die Here jou God sorg: van nuwejaarsdag af tot oujaarsdag toe hou Hy ononderbroke sy oog daaroor.**

**- Deuteronomium 11:12**

Geliefde broers en susters in die Here,

Ek groet julle in die kosbare Naam van ons Heer en Verlosser Jesus Christus. Ons wens julle en jul gesinne 'n geseënde en voorspoedige nuwe jaar toe.



*Vergadering van Kerkleiers en ouderlinge*

Baie van ons het dalk moeilikhede en gesukkel beleef die afgelope jaar, en soms het dit dalk gelyk asof God maar stil was. Tog, so lees ons in die Woord, was Josef opgehef vanuit die put tot in die paleis. God het hom nie dadelik bemoedig tydens sy swaarkry nie, en dit is dikwels hoe ons dit ook in ons lewens ervaar. Maar op sy goeie tyd sal God jou weer ophef.

**Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het** (1 Petrus 5:6).

Mag die Here hierdie nuwe jaar 'n jaar van vernuwing maak, en mag Hy jou oorlaai met veelvuldige seëninge deur die nuwe weë wat Hy vir jou oopmaak.

**Soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek gaan maak, in my diens sal staan, sê die Here, so sal julle nageslag en julle roem in my diens staan** (Jesaja 66:22).

Daar wag vir ons baie bedienings in hierdie jaar, werke wat totaal onmoontlik is deur net menslike pogings. Terwyl ons julle in gebede onthou, vra ons dringend dat julle hiervoor sal bid. En julle sal beslis geseën word.



Our Ministries: ECHO OF HIS CALL Monthly Magazines (16 languages) BIBLECOR - Postal Courses (3 languages) YouTube Ministry Online Courses Theological Correspondence Courses (2 languages) Church Planting Nehemiah Bible Colleges Gospel Printing Press Great Commission Partners St. Paul's Matriculation School Crusades Community Development

**Hieronder is drie belangrike beginsels om te volg:**

1. ***Wees lief vir jou Kerk en jou Pastoor. Bly getrou in al die aanbiddingsdienste. Staan sterk in suiwer leerstellings.***
2. ***Gee voorkeur aan jou gebedstyd en bly heeltyd in God se teenwoordigheid.***
3. ***Dien die Here getrou met die gesondheid, geld en ander seëninge wat God goedgunstig vir jou gee.***

Ons bid dat jy God se beskerming sal geniet, asook sy goedheid en die vervulling van sy beloftes in die dae wat voorlê.

Sy genade bly by julle almal!




In Christus Jesus, julle broer,

*PAST. S. SAM SELVA RAJ,*
E-pos: : sam@echoofhiscall.org

*... verv. van bls. 1*



***Dawid het die Filistyne verslaan en onderwerp***

Dawid het vir baie jare lank moeilikheid met die Filistyne gehad. Tog het dinge in God se goeie tyd verander. Daardie vers dui 'n skuif aan, toe beloftes begin waar word het en vyande onderwerp is.

Hierdie Skrifdeel verseker ons in die begin van 2026 dat God se tydsberekening nooit laat is nie. Sy planne word waar selfs al sien ons dit nie.

## WANNEER GOD OPTREE IS DIT FINAAL!

**Hierna het Dawid die Filistyne verslaan en onderwerp. Hy het Gat en sy buitedorpe AFGENEEM van die Filistyne** (1 Kronieke 18:1).



Die Filistyne het die Israeliete jare lank beroof. Hulle het verlies op verlies gely, hul gesinne, hul waardigheid, die verbondsark, selfs hul priester Elie. Asof neerlaag hulle bestemming was. Die vyand het baie sterk gelyk, en God het skynbaar geswyg.

Maar toe kom die geleentheid toe God ingryp, en wanneer Hy ingryp is sy oorwinning finaal.

Die Bybel noem dat Dawid die Filistyne verslaan én onderwerp het. Dit beteken hulle kon nie weer teen Israel opstaan nie. Tevore het hulle herhaaldelik teruggeslaan, maar nou het God se krag hulle deur Dawid vermorsel.

Dit is God se belofte aan elkeen van sy kinders: die wat teen



***Soos julle die Egiptenaars vandag sien, sal julle hulle nie weer sien nie***

## BAIE DRINGENDE KENNISGEWING!




Daar mag onvermydelike onderbrekings kom in die posversending van **Echo of His Call** in die nabye toekoms. As jy **Echo of His Call** steeds wil ontvang sonder onderbreking, stuur asseblief vir ons jou naam, adres, e-pos, en WhatsApp nommer in 'n brief, e-pos, oproep of SMS of WhatsApp-boodskap so gou moontlik.

Jou hulp hierin help ons om jou beter te dien.

**Ons adres:**

**ECHO OF HIS CALL,**
**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005, India**
**Cell: (+91) 98412 71858 / 98410 71858 E.mail: sam@echoofhiscall.org**

jou opgestaan het doen dit nie weer wanneer God in jou veldslag intree nie.

**... soos julle die Egiptenaars nou daar sien, sal julle hulle nooit weer sien nie** (Eksodus 14:13), 'n kragtige herinnering aan God se gesag en sy bevryding van sy mense.

Die vyand het by baie van julle heelwat gesteel oor die jare, julle vrede, gesondheid, geld, verhoudings, werk, gesin, bevordering, seën. Maar die Here verklaar: 2026 is die jaar om TERUG TE VAT wat die vyand gesteel het. AMEN!

Dawid het die vyand verslaan en beheer. Hy was nie meer onderdruk nie, maar was nou die oorwinnaar. Ek bid dat jy vanjaar nie meer beheer sal wees deur vyandige aanvalle nie, maar sal leef in die gesag van Jesus Christus. Mag jy jou omstandighede, situasies, uitdagings en mislukkings van die verlede beheer.

Wat ook al die sprinkane gevreet het, dis nou jou jaar van herwinning. Dis nie net 'n jaar van beskerming van jou goed nie, maar ook van terugneem wat jy verloor het.

## *Dawid het Gat teruggevat* –'n SIMBOOL VAN OORWINNING!

Nadat hy die Filistyne onderwerp het, het Dawid Gat teruggeneem – een van die sterkste en invloedrykste stede. Die Hebreeus "Methag Ammah" beteken "die toom van die moederstad," die sentrum van beheer en gesag. Wie Gat beheer, het die mag.

**Gat was die tuisdorp van Goliat en die reuse wat Israel 'n tyd lank verskrik het** (1 Samuel 17:4, 2 Samuel 21:15-21). Maar niks kan teen God se mag staan nie. Want wat eens neerlaag gewys het, was nou 'n teken van oorwinning.

Net so sal die areas waar jy eenmaal verlies gely het, die plekke van jou grootste triomf word. God is getrou om sy beloftes te vervul.

## HOEKOM HET GOD VIR DAWID BEVOORREG?

Dawid was nie volmaak nie. Hy was impulsief, emosioneel, gebroke, vol foute ..., tog het God hom 'n **man na sy hart** genoem (1 Samuel 13:14, Handelinge 13:22). Maar wat was die geheim agter hierdie guns wat oor hom en sy nageslag was?

## 1. DAWID HET GOD EERSTE GESTEL!

Dawid het altyd vir God eerste plek gegee. Selfs in mislukkings was sy eerste reaksie berou en oorgawe. Hy het geroep: **"Moet tog nie ... u Heilige Gees van my af wegneem nie!"** (Psalm 51:13). **Hy het gekies om in 'n genadige God se hande te val eerder as in 'n mens s'n** (2 Samuel 24:14). God se teenwoordigheid was belangriker as sy kroon, troon of reputasie.

As ons verlore grond van vyande wil terugwen, moet ons ook vir Hom eerste plek gee hier in die jaar se begin. Vertrou sy tydsberekening al verstaan jy dit nie.

Laat ons gebed wees: **Here, lei my en bevestig my, ook al**



*Moet tog nie u Heilige Gees van my af weg vat nie*

**verstaan ek nie, al is dit vir my sinneloos** (Spreuke 3:5-6).

## 2. DAWID WAS GERIG OP DIE KONINKRYK!

Dawid mag nie die tempel gebou het nie, maar het alles voorberei wat Salomo daarvoor benodig het. Hy het rykdom vergader, vrede bewerk, 'n fondament gelê vir die komende geslag. Sy hart was nie eie eer nie, maar God se eer.

Deesdae soek mens oral erkenning, volgelinge, roem. Maar ware dienaars van God werk stil-stil om God se koninkryk te bevorder. God sien ons ongesiene arbeid. Hy is die beloner.

As ons begeer dat God se Koninkryk op aarde kom soos in die hemel, moet ons 'n Koninkryk denkstyl kweek. Dit gaan nie oor wie die krediet kry op Facebook, of Instagram volgelinge of YouTube inskrywings nie. Ook nie om volgelinge of meelopers vir Jesus te kry nie, maar om die werk gedoen te kry.

Laat ons in 2026 verby onsself dink, maak dit 'n jaar gemik

....verv. op.bls. 6

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2026 Januarie 19 Tot 2026 Februarie 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### Prys God vir ...

**Januarie 19** ➲ Die betekenisvolle Kersfees en nuwe jaar-vieringe wat impak gemaak het, wat ons kon hou in ons Hoofkerk en die sustergemeentes.

**Januarie 20** ➲ Sy oorvloedige genade oor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote, Groot Opdragvennote en hul gesinne.

**Januarie 21** ➲ Seën oor ons **Wêreld Visie vir die Jeug en Kindersorgbediening.**

**Januarie 22** ➲ Seën oor ons YouTube-bediening wat ons 5 minuut boodskappe na onbereikte plekke laat gaan.

**Januarie 23** ➲ Al die aksies van **St. Paul Matrikulasieskool, Nehemia Bybelkolleges**, en die **Teologiese Korrespondensiekursusse**.

**Januarie 24** ➲ Sy seën op ons tydskrif in 16 tale wat met ons drukpers gedruk word en na die sendingvelde versprei word.

**Januarie 25** ➲ Ons Senior Pastoor, vir sy volgehoue toewyding om die Evangelie te verkondig deur veelvuldige bedienings.

**Januarie 26** ➲ Sy seën oor die personeel van **Echo of His Call** en hul gesinne met goeie gesondheid en goddelike beskerming.

**Januarie 27** ➲ Sy seën oor die jeug wat hulle opgewonde maak om aktief deel te neem aan al die kerklike aktiwiteite.

**Januarie 28** ➲ Sy seën dat ons vennote het wat ons met gebede en finansies ondersteun.

**Januarie 29** ➲ Sy seën oor al ons Mederedakteurs en hulle gesinne.

**Januarie 30** ➲ Sy seën oor ons Pastore en Senior Leiers van die Hoofkerk en die sustergemeentes.

**Januarie 31** ➲ Sy seën op ons Kinderbediening by die Hoofkerk en die sustergemeentes.

**Februarie 01** ➲ Sy seën oor ons Senior Pastoor se bedieningsreise.

**Februarie 02** ➲ Die krag van God se Woord in ons Sondagdienste by die Hoofkerk en die sustergemeentes.

**Februarie 03** ➲ Die nuwe visie wat Hy vir ons Senior Pastoor gegee het vir 2026.

### Bid asseblief vir ...

**Februarie 04** ➲ Vrede vir Israel, Palestina, Rusland en Oekraïne.

**Februarie 05** ➲ Die veiligheid van ons Senior Pastoor, Ds. S. Sam Selva Raj en sy gesin teen alle bose magte.

**Februarie 06** ➲ God se seën en beskerming oor alle Christelike organisasies en Kerke.

**Februarie 07** ➲ Goeie gesondheid vir ons kantoor- en drukkerpersoneel.

**Februarie 08** ➲ Die beëindiging van die ekonomiese resessie oor die wêreld.

**Februarie 09** ➲ 'n Einde aan geweld teen sendelinge en dienaars van God.

**Februarie 10** ➲ Die veiligheid vir alle vroue en kinders op die aarde.

**Februarie 11** ➲ Die jeug en uitreikbedienings van **Echo of His Call**.

**Februarie 12** ➲ Die nodige fondse vir **Echo of His Call** se bedienings in 2026.

**Februarie 13** ➲ Sukses en goddelike leiding vir studente wat gereed maak vir openbare en regeringseksamens.

**Februarie 14** ➲ God se beskerming oor die studente van **St. Paul Matrikulasieskool** en **Nehemia Bybelkolleges**.

**Februarie 15** ➲ Verligting vir hulle wat ly aan siektes, armoede en verhongering.

**Februarie 16** ➲ Hervorming en belydenis vir alkoholiste en kwaaddoeners.

**Februarie 17** ➲ Die Here se voorsiening vir al ons behoeftes vir hierdie maand.

**Februarie 18** ➲ Wêreldwye beskerming van kinders en jongmense teen verslawing aan selfone en aanlyn speletjies.

## MAIN CHURCH PROGRAMMES

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **ECHO OF HIS CALL** - Maandelikse Tydskrif: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamese, Punjabi, Urdu, Sinhala & Afrikaans.
3. **BIBLECOR** – Basiese Bybelkursusse (Engels, Tamil & Hindi)
4. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels & Tamil
5. Nehemia Bybelkolleges (Chepauk, Santhoshapuram & Velachery)
6. Susterkerke: Santhoshapuram, Balaji Nagar & Velachery
7. Groot Opdragvennote (Netwerk van Pastore)
8. Opleidingprogramme – Seminare & Afsondertye
9. Veldtogte
10. Literatuurverspreiding en Opvolging
11. Evangelie Drukpers - Publikasies
12. St. Paul Matrikulasieskool - Village English High School
13. Sondagskole (Chepauk) : 10.30 vm. Sondag & (Velachery, Balaji Nagar & Santhoshapuram) 3.00 nm. Sondag
14. Vroeë Oggenddiens : 5.30 vm. Sondag
15. Voorbereidingsdiens : 8.00 vm. Sondag
16. Tamil Diens : 8.30 vm. Sondag
17. Jeugbyeenkoms : 11.00 vm. Sondag
18. Gemeenskap-middagete, : 1.00 nm. Sondag
19. Telugu Diens : 4.00 nm. Sondag
20. Hindi Diens : 5.00 nm. Sondag
21. Tamil & Engelse Diens : 6.00 nm. Sondag
22. Terugvoertyd : 7.30 nm. Sondag
23. Vroue gebed : 5.30 nm. Woensdag
24. Hindi gebed : 7.00 nm. Woensdag
25. Manne gebed : 7.30 nm. Vrydag
26. Dissipelskap-byeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
27. Huis-samekomste : 6.30 nm. Dinsdag & Donderdag
28. Spesiale Nagmaal : 6.00 vm. 1ste dag van elke maand
29. Predikante-byeenkoms : 5.30 nm. Eerste Saterdag
30. Ouers se gebedstyd : 4.00 nm. Eerste Sondag
31. Naggebede : 9.30 nm. Derde Vrydag
32. Vas-gebede : 9:30 vm. Tweede Saterdag
33. Nagmaal : Tweede Sondagdiens
34. Jeug / Kinder-gebede : 10.00 nm. daagliks (per telefoon)
35. Personeel-toewyding : 9.00 vm. daagliks
36. Kantoor : 9.00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

*... verv. van bls. 4*

op die Koninkryk. **Doen met toewyding alles wat jou hand vind om te doen** (Prediker 9:10), vir die eer van God.

## 3. DAWID HET GOD GEËER VIR ALLES!

Dawid het erken dat elke oorwinning van God kom. Hy het goud, silwer en brons by nasies afgeneem en aan God gewy. **Dawid het goue skilde ... afgevat en na Jerusalem gebring ... en dit alles aan die Here gewy ...** (2 Samuel 8:7, 11).

Hy het die trots van die vyande gevat en dit aan God toegewy, gereed vir Salomo om die koper see te bou, die pilare, en al die ander heilige voorwerpe. ***En die Skrif verklaar:*** **... Die Here het Dawid die oorwinning laat behaal net waar hy gegaan het** (2 Samuel 8:6).

Hoe meer Dawid vir God geëer het, hoe meer het God hom geëer. Selfs sy vyande het vir hom geskenke gebring. **[9]Toe koning Toï van Hamat hoor dat Dawid die hele leër van Hadad-Eser verslaan het, [10]het hy sy seun Joram na koning Dawid toe gestuur. Hy moes hom sy groete**

## NEHEMIAH BYBELKOLLEGES

HAAS JOU VIR TOELATING! Chepauk & Santhoshapuram, Velachery Chennai.

**Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër**

Diploma in Theology & Bachelor of Theology

Medium : Tamil (Part Time) Hindi (Residential) (Sponsorship Available)

**Bid asb. vir**

**Erken deur Internasionale Christenleiers &Senior pastore vir die afgelope 56 jaar**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.

Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858

E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

**oorbring en hom gelukwens met sy oorwinning oor Hadad-Eser, ... Joram het vir Dawid allerlei artikels van silwer en goud en brons gebring. "Koning Dawid het dit alles aan die Here gewy, en so ook die silwer en goud van al die nasies wat hy onderwerp het,** ... (2 Samuel 8:9-11).



*Koning Dawid het goud, silwer en brons aan God gewy*

So het Dawid alles aan die Here gewy.

Liewe broers en susters, laat ons aan die begin van die jaar onderneem dat alles wat ons ontvang aan God behoort. **Elke goeie gawe en elke geskenk kom van Bo ... en is vir Hom** (Jakobus 1:17).

Laat ons altyd onthou die grootste geskenk wat God gegee het: sy Seun Jesus Christus. Hy het ons smart verduur sodat ons in vertroue kan staan. Hy het ons sonde en vervloeking omgekeer in 'n seën.

## JOU JAAR VAN HERSTEL EN OORWINNING!

Geliefde, 2026 is nie 'n jaar om te verdedig wat jy het nie. Dit is 'n jaar om terug te vat wat die vyand

...verv. op.bls. 9


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

***For more details, write to us.***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

Echo of His Call, **Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.
**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**
**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: elbiesmith3@gmail.com**
**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## SY LEIDING EN VOORSIENING IN MY LEWE!

### Aan dié wat Hom dien, gee Hy wat hulle vra. Psalm 145:19.

Die Here Jesus Christus het my genadiglik in staat gestel om die Kerkbediening in Chepauk, Chennai (Madras) te begin in 1982. Reg van die begin af moes die Kerk gedurig verskuif van een plek na 'n ander weens finansiële beperkings en teenstand en jaloesie van anti-Christen indiwidue in die omgewing.

Uiteindelik het ons die lofdienste op Sondae in 'n klein kamertjie gehou in 'n huis met geen ventilasie. Die huis was die eiendom van 'n dierbare broer, Mnr. George.

Tydens een spesifieke erediens het die Here onverwags my gees baie sterk geroer om Hom te vertrou vir 'n ruim gebou vir onsself in dieselfde omgewing. Hy het my ook gelei om dit met die gemeente te deel en hulle ondersteuning in gebed te vra. Ek het Hom gehoorsaam en die visie met hulle gedeel tydens die diens.

Maar, die mense wat my gehoor het, het gereageer met gespot en ongeloof.

- Sommige het my gekoggel met hulle sarkastiese kyke.
- Ander het gevra: "Kan ons regtig 'n eiendom koop met ons power geldelike toestand?"
- Nog ander het geestelike druk bygevoeg deur te sê: "Selfs al het ons die geld, waar kry ons 'n eiendom wat te koop is in so 'n digbewoonde omgewing?"
- 'n Paar het selfs krities gevra: "Is dit reg vir 'n man van God om sulke onpraktiese dinge te sê in die Naam van God?"

Al hierdie reaksies het my erg verwar en ontmoedig. Daar was nie eens een enkele persoon wat saam met my wou staan om hierdie geloofstap te aanvaar nie. Die algemene publiek het gevoel dat Christen predikers niks beter te doen gehad nie as om onrealistiese en onaanvaarbare stories te vertel. Hulle kon nie God se visie herken nie.

Tog was ek nie ontmoedig nie. Eerder, die Here het my bemoedig en die genade gegee om stewig op Hom te leun, **die Begin en die Voleinder van ons geloof** (Hebrews 12:2). Hy het my versterk deur sy Woord:

**14"Moenie bang wees nie, al is jy niks meer as 'n wurm nie, Jakob, al is jy klein, Israel. Ék help jou, sê die Here jou Verlosser, die Heilige van Israel. 15Ék maak jou 'n skerp dorsslee, 'n nuwe met baie tande; jy sal berge dors en fynmaal, jy sal van rante kaf maak"** (Jesaja 41:14-15).

Dae het verloop. God het my voor al die mense geëer en uit goeie guns 'n wonderlike plek voorsien vir sy bediening, presies in die omgewing wat Hy my laat sien het.

Maar, toe ek die plek gekry het, was daar nie geld om dit te koop nie – net soos die mense verwag het. Ek het hulp gesoek by verskeie bekende bronne, maar niemand het gehelp nie want ek was baie arm. Maar in hierdie hopelose situasie het die Regering vir my 'n persoonlike bou-voorskot gegee om die eiendom te koop – ek was destyds in die Regering se diens. Hiervoor het God 'n nie-Christen vriend gebruik, mnr. Kannan, en 'n Christen broer, mnr. M.P. Jeyakumar.

Jesus Christus is getrou. Hy is altyd goed, ja, altyd is Jesus Christus goed! Wat 'n wonderlike God dien ons! **Kom ondervind en sien self dat die Here goed is** (Psalm 34:9).

Selfs nou terwyl ek vandag hier skryf is my lewe steeds rof en vol uitdagings. Moeilikhede en onbeskryflike laste druk my neer terwyl ek God-gegewe bedienings uitvoer: **Echo of His Call** se maandelikse nuusblad gedruk in 16 tale, **Bybelkor Korrespondensie** en opleidingskursusse in 3 tale, **Nehemia Bybelkolleges**, die Hoofkerk met sewe eredienste elke Sondag, **St. Paul Martikulasieskool** (village High School), die Evangelie drukpers, en al die administratiewe verantwoordelikhede hieraan verbonde.

Daar is erge persoonlike gesukkel, uitdagings en mislukkings in die bediening en administrasie. Baie slapelose nagte, en baie nagte wil ek liewer nie slaap nie. Deur al hierdie moeilikhede het ek geleer dat die Here Jesus Christus die enigste Een is wat getrou is en werd is om op staat te maak in hierdie donker wêreld vol bose druk en hooploosheid. Ek het persoonlik sy onfeilbare leiding en goddelike voorsiening ervaar.

**Hierdie woorde van 'n bekende lied vertel my reis goed:**

***Lei, vriendelik' Lig, deur aardse duisternis, lei U my voort!***

***Swart is die nag waar ek 'n vreemd'ling is; U lei my voort!***

***Lig my tog voor; dis nie dat ek begeer***

***Om ver te sien; net stap vir stap, o Heer.***



My daaglikse lewe is vol uitdagings en moeilikhede, maar tog het ek die blye versekering dat wanneer ek my werk op hierdie aarde klaar maak, ek in my Hemelse huis sal ingaan, my Meester Jesus Christus in persoon sal ontmoet, en op daardie heerlike oomblik Hom omhels en al my aardse ervarings met Hom kan deel. Ek wag opgewonde vir daardie dag. Dit sal 'n wonderlike dag wees! Die mees geseënde dag!

Liewe vriend, het jy ook hierdie verwagting en verlange?

************

*... verv. van bls. 7*

gesteel het, om verlore grond terug te kry, blydskap terug te eis, en te herbou wat gebreek is.

## Soos Dawid, wanneer jy:

- God eerste stel
- Leef met Koninkryk-gerigtheid
- Hom eer met alles wat jy besit



***Jy sal God se bonatuurlike guns en oorwinning sien in alle areas van jou lewe***



***Die Here het vir Dawid oorwinning gegee oral waar hy gegaan het***

... sal jy God se bonatuurlike guns en oorwinning sien in elke deel van jou lewe.

**... Die Here het vir Dawid oorwinning gegee oral waar Hy gegaan het** (2 Samuel 8:6)

Mag dit jou getuienis wees in 2026, dat die Here vir jou oral oorwinning gee. Mag die plek wat jou vreesbevange gemaak het, jou sterk vesting van geloof word.

**God seën jou, en geniet 'n oorwinnende nuwe jaar!**




************

**NOTICE**

Save our mobile numbers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (main numbers) in your mobile phones. - Editor

Posted at "Egmore RMS Patrika Channel" RNI TC NO. TNAFR/2007/21215

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

## ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

**ECHO OF HIS CALL**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.org

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

**Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215**
**Date of Publication: First week of every month**
**Date of Posting : 3rd & 4th of every month**
**Posted at "Egmore RMS Patrika Channel"**
**on 5th JANUARY 2026**
**If un-delivered please return to:**
**ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)**
**P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.**
**Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766**

***JESUS HET JOU LIEF!***

To

**GOD SEËN JOU!**

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**